SOUTH CAPE FORUM
23 Dec 2011, p.6

Stellenbosch Hessequa se kennis vennoot in volhoubare ontwikkeling

Kommentaar:

Op 5 Desember het die Universiteit Stellenbosch (US) en Hessequa munisipaliteit 'n Memorandum van Verstandhouding (MVV) onderteken wat op samewerking vir wedersydse voordeel gemik is.

Dié ooreenkoms neem die sterk punte van sowel Hessequa as die US en kombineer hulle in 'n enkele strategie vir sukses in die poging om ons mense se lewens te verbeter. Saam kan ons meer vermag as op ons eie, en dit is wat hierdie ooreenkoms so belangrik maak-dit vestig 'n vennootskap vir vooruitgang.

Wat is ons onderskeie sterkpunte?:

Die US is as hoëronderwysinstelling gemoeid met kennis, die produksie van kennis deur wetenskaplike navorsing, die oordrag van kennis aan ons studente, en die toepassing van kennis tot voordeel van die gemeenskap.

Hessequa munisipaliteit is as plaaslike owerheid gemoeid met dienslewering, die verskaffing van behuising, water, elektrisiteit, paaie, sakegeleenthede en so meer aan sy inwoners. Hierdie ooreenkoms stel ons in staat om saam te werk met 'n gemeenskaplike doel in gedagte-om mense se lewens te verbeter in Riversdal, Stilbaai, Witsand, Heidelberg, Gouritsmond, Albertinia en omstreke, enersyds en die mense verbonde aan die US, andersyds.

Samewerking maak sin, want daar is oorvleueling tussen Hessequa se visie-om volhoubaar en "groen" te wees tot voordeel van al die inwoners van die Munisipaliteit, en ons slagspreuk as die US om "u kennisvennoot" te wees.

Wat is die uitdagings wat ons saam wil takel?

Soos weerspieël in die ooreenkoms, is daar ernstige sosio-ekonomiese probleme wat die mense van Hessequa in die gesig staar. Hieronder tel infrastruktuur-agterstande, omgewingsbedreigings en 'n groot welvaartgaping tussen ryk en arm.

Wat is dit wat die Universiteit Stellenbosch kan bied?:

Ons volg die wetenskaplike model, die eksperimentele metode, die soeke na antwoorde in 'n laboratorium. Die heel beste laboratorium is jou gemeenskap, die omgewing rondom jou, die mense wie se lief en leed jy deel.

En as jy die soort universiteit is wat verbind is tot die ontwikkeling van gemeenskappe, dan is hierdie soort samewerking met die verkose owerheid wat vir dienslewering aan die bevolking verantwoordelik is die regte ding om te doen.

Die US neem die uitdaging om relevant te wees en 'n beduidende verskil aan mense se lewens te maak ernstig op. Dit is wat ons daartoe gelei het om met die HOOP Projek vorendag te kom.

Ons het na agendas soos die VN se Millennium Ontwikkelingsdoelwitte en die regering se Mediumtermyn Strategiese Raamwerk gekyk, en vyf temas gedistilleer om ons kernaktiwiteite van onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie te rig. Ons vyf ontwikkelingstemas is die uitwissing van armoede en verwante toestande, en die bevordering van menswaardigheid en gesondheid, demokrasie en menseregte, vrede en veiligheid, asook 'n volhoubare omgewing en 'n mededingende nywerheid. Met hierdie ooreenkoms formaliseer ons die bestaande samewerking wat reeds sedert 2007 tussen die US en Hessequa munisipaliteit plaasvind.

Prof Wikus van der Merwe van ons Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies het onder meer goeie werk gedoen wat betref sonverhittingsstelsels vir laekoste-behuising in Kwanokuthula buite Riversdal.

Op soortgelyke wyse voorsien ons dat ons navorsers en dosente en studente verder met Hessequa se raadslede en bestuurders en amptenare en werkers hande sal vat en saam na oplossings sal soek vir gemeenskaplike uitdagings. Aanvanklik sal ons saam daarop fokus om vir Hessequa bestuurstrategieë en implementeringsplanne te ontwikkel ten opsigte van volhoubare energie; afval en sanitasie; en water.

Maar ons voorsien 'n ware vennootskap, wat beteken dis nie net eenrigtingverkeer nie. Die munisipaliteit beskik oor bepaalde ervaring en kundigheid-en natuurlik, plaaslike kennis- en dit is iets wat ons akademiese werk aan die Universiteit kan verryk.

Ons visie vir ons streek en sy dorpe, vir ons provinsie en land, ons vasteland en wêreld is 'n toekoms sonder armoede, waar die menswaardigheid van alle mense beskerm word, waar ons maatskaplike en ekologiese stelsels gesond is, en waar vrede, veiligheid en demokrasie beskerm word.

In Hessequa het ons 'n vennoot wat hierdie visie deel. Hierdie ooreenkoms stel ons in staat om saam ons toekomsvisie werklikheid te maak vir al ons mense.

Die US werk in belang van landelike ontwikkeling nou saam met plaaslike owerhede in ons gebied, sowel as met die Wes-Kaapse Provinsiale Regering en die Nasionale Regering van Suid-Afrika. Mag die vennootskap tussen Hessequa Munisipaliteit en die Universiteit Stellenbosch van krag tot krag gaan, tot voordeel van al die mense wat ons dien. (*Prof Russel Botman is rektor en viserektor van die Universiteit Stellenbosch*).